Geagte Ouers, Personeel en Kinders

Met die skryf van hierdie nuusbrief bid en vertrou ek dat u sterk staan ten spyte van al u uitdagings, al die opofferings wat u moes maak en al die probleme wat u moet trotseer. Ek wil graag in nederigheid byvoeg dat ek kan getuig van die wonderlike voorbeeld van 'n positiewe ingesteldheid wat deur talle ouers, onderwysers en leerlinge gedurende hierdie pandemie geopenbaar word.

Ek begryp en respekteer die behoefte en noodsaaklikheid vir skole om te heropen, terwyl ek ook die vrees van ouers, personeel en leerlinge begryp en respekteer. Hiermee in gedagte kan ek u verseker dat my span te midde van nuwe, tydrowende en uitdagende onderwysdruk onverpoos gewerk het. Ongeag wat mense se menings mag wees, het hulle die kinders gedien en ek kan getuig dat die oorgrote meerderheid van ouers dit verstaan en hulle ondersteun het. Baie dinge gebeur in die agtergrond en as Skoolhoof het ek talle belanghebbendes deur middel van "Zoom" ontmoet en geraadpleeg. Tallose briewe is geskryf, vrae gevra en vele ander aangeleenthede was alles deel van die afgelope 5 weke se werk.

Ek moet byvoeg dat die enkele dreig-e-posse om ons in kennis te stel dat ons daarvoor verantwoordelik gehou sal word as kinders COVID-19 by die skool opdoen, ons geensins gehelp het nie en dit is duidelik dat die skrywers nie die nuusbriewe gelees of die aankondiging van die Minister van Onderwys en die regulasies wat ons sal moet toepas, verstaan het nie.

Een ding staan soos 'n paal bo water - die skool sal heropen, hoewel die presiese datum, tyd en hoe dit sal plaasvind, nog nie bekend is nie. Daar lê nog lang ure van harde werk en beplanning voor. As bestuur sal ons die SBL raadpleeg, net soos ons gedurende die loop van hierdie pandemie gedoen het.

Op hierdie stadium wag ons nog op regulasies en riglyne sodat ons daaraan kan voldoen en ons plan van aksie oor die heropening van die skool kan voorlê, terwyl ons steeds werk voorsien om almal te ondersteun. Ek kan in alle nederigheid bekend maak dat ons werk met twee skole wat in desperate nood is, gedeel word, en hoe dit in hierdie moeilike tye op prys gestel en verwelkom word. Die pandemie tref geen onderskeid tussen mense nie en ek moes ouers, personeel en kinders in nood bystaan. Baie dankie aan daardie ouers wat ons kon ondersteun sodat die Sunridge-familie 'n verskil kon maak.

Ouers sal in kennis gestel word wanneer ons alle aspekte aangaande die heropening in plek geplaas het en ek kan slegs bevestig dat skole, soos aangekondig, vir Gr 7 moontlik op 1 Junie 2020 sal heropen. Dit is nie 'n gegewe nie en ons wag steeds op nuwe leerplan-aanwysings en alle ander riglyne wat ons in staat sal stel om ons posisie te evalueer en behoorlik vir die res van 2020 te beplan. Ons het baie planne vir alle grade en maatreëls wat ons in plek kan plaas, maar ons sal moet voldoen aan die vereistes.

Ek kan wel met sekerheid sê dat Sunridge net sal heropen indien ons aan al die goedgekeurde regulasies kan voldoen en slegs dan sal die pad vorentoe aangedui word. Die prioriteit is nou die terugkeer van personeel en weer eens sal dit slegs geskied indien ons aan al die goedgekeurde regulasies kan voldoen. Dit sal ons egter in staat stel om ons ondersteuning tot die volgende vlak te voer, binne ons skoolomgewing en met soveel meer beskikbare bronne.

Neem asseblief kennis dat ons nie net van goedgekeurde regulasies afhanklik is nie, maar ook van die beskikbaarheid van bronne, waar die SBL-personeel 'n uiters belangrike rol speel. Die betaling van skoolfooie is noodsaaklik, soos deur die Minister van Onderwys beklemtoon. Indien u uitdagings ervaar, moet u asseblief met die skool in verbinding tree en stawende dokumente verskaf.

Ek wil dit net weer duidelik stel - dit is u huidige onderwysers, graadhoofde, vakhoofde en departementshoofde wat weet wat die beste vir u kind is en watter stappe om te volg om te verseker dat u kind 2020 suksesvol voltooi. Dit is van die uiterste belang dat hulle steeds werk kan verskaf wat u kind na die beste van sy/haar vermoë moet doen en ook vir u om met die klasonderwyser te kommunikeer terwyl u op die toekoms fokus. Dit is ook noodsaaklik vir alle personeel om terug te keer skool toe en dat ons hulle vir die taak wat voorlê, ondersteun.

Die huidige werkwyse van onderwysers is nie net nuut nie, dit is ook tydrowend en spanningsvol. Ek weet dat die personeel nie net sal terugkeer asof hulle pas 'n lekker vakansie gehad het nie, daarom vra ek vir verdraagsaamheid, ondersteuning en 'n positiewe gesindheid. Ons het ons onderwysers nodig.

My hartlike dank aan elke ouer wat ons ondersteun en met ons saamwerk in hierdie uiters moeilike omstandighede buite ons beheer.

Bly asseblief veilig en reageer net en skenk aandag aan die terugkeer skool toe wanneer ons u van tersaaklike, betroubare en bevestigde inligting wat op ons van toepassing is, voorsien.

Jesaja 33:2 "Here, wees elke nuwe dag ons krag, ons redding in tyd van nood."

Mnr de Vries
SKOOLHOOF